Rant en Dal

# Prisma

'n kleurryke ervaring in kerkwees

# Gemeentenuus

## Mei 2026



Sekuriteit op ons perseel
word verskaf deur

MAPOGO A MATHAMAGA
Business & Community Security
010 492 4321

# Eredienstye

| | |
|---|---|
| 3 Mei 09:30 | Ds. Jannie Pelser (Doop) |
| 10 Mei 09:30 | Ds. Henning Rademeyer |
| 18:00 | Ds. Henning Rademeyer |
| 14 Mei 18:30 | Hemelvaartdiens - Ds. Adelle Swanepoel |
| 17 Mei 08:30 | Ds. Henning Rademeyer |
| 18:00 | Ds. Adelle Swanepoel |
| | PINKSTER |
| 18 Mei 18:30 | Ds. Henning Rademeyer |
| 19 Mei 18:30 | Ds. Adelle Swanepoel |
| 20 Mei 18:30 | Di. Adelle Swanepoel & Henning Rademeyer |
| 24 Mei 08:30 | Di. Adelle Swanepoel & Henning Rademeyer |
| 18:00 | Ds. Henning Rademeyer |
| 31 Mei 08:30 | Ds. Adelle Swanepoel |
| 18:00 | Ds. Adelle Swanepoel |

Geliefdes,

Wanneer ons oor Hemelvaart en Pinkster praat, dink ons maklik aan twee afsonderlike geestelike "gebeure" op die kerk se kalender. Maar in die Skrif is hulle eerder een beweging: Jesus gaan nie weg om afstand te skep nie, maar om 'n dieper, meer alledaagse teenwoordigheid moontlik te maak.

In Handelinge 1 lees ons hoe Jesus opvaar na die hemel. Die dissipels staar op, effens verlore, asof Jesus net verdwyn het. En tog sê die engele: "Waarom staan julle en kyk na die hemel?" Met ander woorde: moenie vaskyk in die afwesigheid nie – iets nuuts is op pad.

Dit is presies wat Pinkster beteken.

Hemelvaart herinner ons dat Jesus nie beperk is tot 'n liggaamlike teenwoordigheid op een plek nie. Hy regeer. Hy is teenwoordig. Maar op 'n ander manier - 'n manier wat nie meer afhanklik is van afstand en fisiese nabyheid nie. Dit is presies waar Hemelvaart ons innooi: nie om op te kyk na 'n verre hemel nie, maar om bewus te word aan 'n naby God.

Pinkster is nie bloot die "vervanging" van Jesus se fisiese afwesigheid nie. Dit is die vervulling van sy belofte: "die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:26). Die Heilige Gees is nie 'n abstrakte krag nie, maar God self wat in ons en tussen ons woon.

Ons leef dus in 'n spanningsvolle, maar genadevolle ruimte: Jesus is opgevaar - en tog is Hy nader as ooit deur sy Gees.

Hierdie tussenruimte vra nie paniek nie, maar deelname.
Ons word uitgenooi om nie net na God te "soek" nie, maar om bewus te raak van sy teenwoordigheid. Ons word gevorm om nie net oor geloof te praat nie, maar om in afhanklikheid van die Gees te leef. Ons word gestuur om nie leeg te kyk na die hemel nie, maar om met oop oë en oop hande in die wêreld in te beweeg.

Die vroeë kerk het nie ná Pinkster gesê: "Nou verstaan ons alles" nie. Hulle het gesê: "Nou kan ons getuig."

Mag ons gemeente ook hierdie seisoen so leef: nie vasgevang tussen verlies en verwarring nie, maar geanker in die wete dat Christus regeer en sy Gees reeds werk.

Liefde,
Ds. Adelle

# Mei verjaarsdae

1 Malan de Jager
Jan Grobler
Nicolene Jacobs
Kate Rheeder

2 Jannie du Plessis
Ansa Kotzé
Menica Matthee

3 Kobus Akerman
Aiden Coetzee
Marco Klop

4 Anke de Beer
Izé Jordaan
Stephanie Swanepoel

5 Dot Britz
Hennie de Clerk
Gerrie Fouché
Ruben Möller
Magriet Needham
Summy Pretorius
Joandri Swanepoel

6 Sanet Steenkamp

7 Danie Bosman
Jeandré de Bruin
Retief Joubert
Anton Mocke
Stoney Steenekamp

8 Louise Kieser
Nikki van Wyk-Ehlers

9 Liany Combrinck
Lena Jacobs

10 Chris Joubert

11 Johan Stander

12 Zian Beyneveldt
Maroeshka Mearns

13 Ivan Brewis
Hettie Herbst
Anja-Alize Slingerland
Declan van der Schyff

14 Elricé Meyer
Kalvin Mostert
Zelda Neethling

15 Philip Ackron
Engela Botha

16 Annatjie Coetzee
Christiaan Coetzee
Marina de Lange
Elivera du Plooy
Loa Fourie

17 Carlien Scheepers

18 Martin Mans
Tamaryn Rielly
Melissa van der Schyff

19 Caroline Barkley
Elizma Leonard

20 Zelri Combrinck
Deon de Jager
Esther Dreyer
Nicolette Dubber
Lienka Joubert
Jan Venter
Elma Weyers

21 Karin Wepener

23 Nelia Combrinck
Luané Havenga
Adeley Pretorius
Lizl Vorster

24 Jean-Pierre Hitge
Bianca Loock
Elize Nieuwenhuizen
Delene Pretorius
Pieter Spruyt

25 Koos Eloff
Jamesie Pretorius

26 Elmarie du Preez
Liané Naudé
Mieke Visser

27 Kiana Lategan
Ella van den Bergh
Thereze van Heerden
Johan Victor

28 Reuben Goosen
Mariette Palmer-Pilgrim
Alida Smit

29 Neels van Staden

30 Jana Bester
Karen Dippenaar
Eliska Kruger

31 Mari Pretorius
Claude Rielly



Nog 'n jaar ouer, nog 'n jaar beter!
Gelukkige verjaarsdag!

# Algemene inligting

**Leraars**
Ds. Adelle Swanepoel
Ds. Henning Rademeyer
admin@prismakerk.co.za

**Bankbesonderhede**
NG Kerk Rant en Dal
ABSA Bank | Tjekrekening
0310580910

**Algemeen**
admin@prismakerk.co.za

**Mountain Movers**
tieners@prismakerk.co.za

**WhatsApp**
Stoor asb. die nommer op jou foon
066 378 6435

**Prisma Kidz**
kidz@prismakerk.co.za

**Projekte/Berading**
lizahn@prismakerk.co.za

@RantenDalPrisma
@PrismaKidz
@PrismaConnect

@RantenDalPrisma
@prismaconnect

Prisma kidz
Sondae 08:30
in die Ark

MAT. 17:20
MOUNTAIN MOVERS
Sondae 17:00
in die Ark



# Prisma Aktiwiteite

**Prisma kidz**

Sondae 08:30
in die Ark
Kinders tot gr. 6

**MAT. 17:20**
**MOUNTAIN MOVERS**

Sondae 17:00
in die Ark
Tieners vanaf gr. 7

## Kom stap saam by die Botaniese tuine



Almal welkom!
Ons kuier saam na die stap!

**GRATIS TOEGANG VIR PENSIOENARISSE OP 'N DINSDAG. ONTHOU JOU ID DOKUMENT.**

**ELKE EERSTE DINSDAG VAN DIE MAAND @ 09:30**

## SBS – SENIOR BURGER SELGROEP

Elke Dinsdag
10:00
Almal welkom!
Stoney Steenekamp - 073 156 9468




Man wees, kind van God wees en Geliefde wees!

Elke Donderdagoggend 06:00 - 07:00

In die kerksaal

## VROUEBEDIENING

Elke Donderdagoggend
06:00-07:00
in die konsistorie.

# Prisma Aktiwiteite










